Citrus Growers' Association
OF SOUTHERN AFRICA
Grower levies working for you!

# UIT DIE PEN VAN DIE CEO (17/11)

*Justin Chadwick (6 Mei 2011)*

***GESEGDE VAN DIE WEEK*** "We're supposed to have just a small family affair" - Prince William

## POMELO PROMOSIE

Navorsing wat deur RED Communications, as deel van die VK se pomelo veldtog gedoen is, het 'n paar interessante resultate opgelewer en sommige persepsies is bevestig:

- As verbruikers 'n pomelo moet kies, kyk hul eerste na geur en smaak, dan na die sapinhoud en derdens na soetheid. Die prys het vierde gekom.
- Verbruikers is baie spesifiek oor grootte en is bereid om meer vir die grootte van hul keuse te betaal (in die VK is dit tussen telling 35 en 45 vir vars gebruik tydens ontbyt; kleiner vrugte vir sap of as 'n lekkerny).
- Daar is 'n verspreiding van verbruikers oor verskillende ouderdomme, teenstrydig met die geloof dat dit 'n oumens-vrug is.
- Die meerderheid van ouer mense geniet pomelo's as 'n halwe vrug tydens ontbyt, terwyl jonger verbruikers 'n wyer repertoire het (insluitend sap, in slaaie en afgeskil as 'n lekkerny)
- Diegene wat nie pomelo's eet nie onthou dit as 'n vrug met 'n skerp, bitter smaak; ontwikkeling sedertdien het tot baie soeter vrugte gelei – tydens proeë in winkels was verbruikers verras met die soet smaak.

'n Volledige verslag is op aanvraag beskikbaar.

RED is hard aan die werk om vir die 2011 veldtog voor te berei – met programme wat beplan is na konsultering met die belangrikste kopers en kleinhandelaars in die VK. Hulle (kleinhandelaar en invoerder) ondersteuning is daar en hul sien uit na die nuwe seisoen.

Interessant genoeg is dat die VK op die oomblik 'n tekort aan pomelo's in die gesig staar, veral wit pomelo's. Dit is as gevolg van 'n skielike einde aan die noordelike halfrond se voorsiening, tesame met vertragings om suider-Afrikaanse vrugte in die mark te kry weens die weer en publieke vakansiedae.

Volgens data het pomelo's 'n 12% verspreiding in die VK-mark - met ander woorde 88 uit 100 mense in die VK koop GEEN pomelos in 'n jaar nie. Dit beteken dat daar 'n groot geleentheid is om verbruik te verhoog deur nuwe verbruikers na die vrugsoort te lok. Dit is die doel van die 2011-veldtog.

## BACTROCERA INVADENS (*Bi*)

Met die dat *Bi* nou in die Groblersbrug-area uitgeroei is, is Suid-Afrika nou vry van die "ongedierte". Produsente word egter gewaarsku om waaksaam te bly, want die bedreiging van nuwe "inkommers" is nog steeds daar. Advies aan produsente regdeur Suid-Afrika is om ten minste een *Bi*-valletjie (verkrygbaar vanaf River Bioscience) per plaas te hê en om rekords op 'n gereelde basis by te hou. Zero vangste moet ook aangeteken word.

## RUSLAND EN THAILAND

Aandeelhouers van die suider-Afrikaanse sitrusbedryf word daaraan herinner dat twee nuwe belange groepe gevorm is om inligting rakende die Russiese mark en die ontwikkeling van die Thai protokol, respektiewelik, te deel. Sou jy by enige van die groepe wou aansluit, stuur asseblief vir my 'n epos by justchad@iafrica.com.

## GEPAK EN VERSKEEP 2011

| Tot Week 17 Miljoen 15 Kg Kartonne | Gepak | Gepak | Gepak | Verskeep | Verskeep | Oorspronklike Skatting | Nuutste voorspelling | Finaal Gepak | Finaal verskeep |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| **BRON: PPECB** | 2009 | 2010 | 2011 | 2010 | 2011 | 2011 | 2011 | 2010 | 2010 |
| Pomelo | 0.9 m | 1.2 m | 1.6 m | 0.2 m | 1.1m | 14.7m | 15.2m | 12.5m | 12.2m |
| Sagte sitrus | 1.2m | 2 m | 1.7 m | 1.3 m | 1.4m | 7.9m | 7.5m | 7.5m | 7.1m |
| Suurlemoene | 1.3m | 2.1 m | 1.6 m | 0.6 m | 1.4m | 9.8m | 9.8m | 9.6m | 9.4m |
| Nawels | - | - | - | - | - | 19.4m | 19.3m | 22.9m | 22.6m |
| Valencias | - | - | - | - | - | 42.9m | 42.9m | 46.5m | 45.9m |
| | 3.4m | 5.3 m | 4.9 m | 2.1 m | 3.9 m | 94.7m | 94.7m | 99m | 97.2m |

**PRODUSENTE SE HEFFINGS WORD AANGEWEND OM AKTIWITEITE VAN CGA, CRI EN CITRUS ACADEMY TE BEFONDS. VERSEKER SO 'N GLOBALE MEDEDINGENDE SUIDER-AFRIKAANSE SITRUSBEDRYF**